# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 195
22 Oktober 2021

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto


In hierdie uitgawe:
Redaksioneel
Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Die Kerk en demokrasie

- Jaco de Ridder jaco@geloofsbond.org.za

Daar word meermale gesê dat ons dankbaar moet wees dat ons in 'n demokratiese staat lewe. Tot voor die wêreldwye inperkings was dit ook die illusie van burgers van eerste-wêreld-lande soos Australië of Kanada dat hulle in die mees demokratiese lande ter wêreld bly! Sedertdien is hulle wreed ontnugter deur verdrukkende totalitêre maatreëls en die vlakke van polisie-brutaliteit nodig om hierdie maatreëls af te dwing...

In die oorspronklike naïewe vorm beteken 'n *demokratiese* regering dat die mense die reg het om te besin en wette te skep waardeur die samelewing gereël word.

Die mees algemene vorm is egter 'n *verteenwoordigende demokrasie* – waar verteenwoordigers aangewys word om hierdie wette namens die mense te skep. In die geval van Suid-Afrika, word die regering beskryf as 'n *verteenwoordigende grondwetlike demokrasie* waar die grondwet veronderstel is om die beginsels van die skep van wette te reguleer.

Inherent in die daaglikse toepassing van demokrasie is ongelukkig die beginsel van die oorheersing deur die meerderheidstem. 'n Ander gevaar daaraan is magsvergrype deur die verkose verteenwoordigers waarin die regeringsvorm omvorm word vir eie gewin.

Ander alternatiewe regeringsvorme waarin 'n demokrasie tipies verval, is 'n *plutokrasie* (regering deur die rykes) of 'n *kleptokrasie* (regering deur diewe). Meermale in die geskiedenis is dit al gesien dat 'n goedbedoelde demokrasie bestel in 'n staat van plutokrasie, kleptokrasie of 'n kombinasie daarvan verval. Dit is dan ook wat ons daagliks in Suid-Afrika ervaar het sedert 1994. Die grootskaalse korrupsie van 'n handjievol individue wat die regering gebruik het en steeds gebruik om hulself te verryk het die illusie van 'n demokrasie vervorm.

Die afgelope jaar en 'n half het ons egter wêreldwyd gesien dat menige "demokratiese" regerings verval het in 'n nuwe *totalitêre teokrasie*. Volgens die tradisionele definisie is 'n teokrasie 'n regering deur God (*theos*).

Hierdie nuwe wêreldorde se teokrasie het egter niks met die lewende God se heerskappy te doen nie. Daar is 'n nuwe godsdiens geskep om dit te regverdig - 'n Korona-kultus! Dit is dan ook veral in sogenaamde eerste-wêreld-lande soos Australië, Nieu-Zeeland en Kanada waar die meerderheid van die bevolking ingekoop het in hierdie kultus.

Wat is die "Korona-kultus" en wie of wat word aanbid? Hier is die afgod, veiligheid, en die preservering van lewe

is die *nirvana* waarna gestreef word. Hierdie kultus se heilige boek is 'n polities-gekaapte "Wetenskap" (soos onderskryf deur die VSA se Dr. Fauci en die WGO) wat riglyne moet verskaf oor hoe om te leef: Word ingeperk - dan sal jy veilig wees. Word "gevaksineer" – slegs dan sal jy oorleef. Onderwerp jou en jy sal lewe Daar is 'n nuwe toring van Babel gebou om die mensdom veilig te hou.

Die nuwe gebooie van hierdie kultus is iets soos volg: Jy moet jouself liefhê deur jou afstand te hou, jou masker te dra en jou hele vaksinerings-dosis te neem. Dan sal jy veilig wees. En jy moet jou naaste liefhê deur niks met hulle te doen te hê nie, agter jou masker te skuil en 'n vaksien namens hulle te neem.

Geen van hierdie individuele elemente is verkeerd of onbybels nie. Om 'n masker te dra of nie, sowel as die besluit om jouself te laat vaksineer of nie, is persoonlike keuses, of altans veronderstel om te wees.

Juis hier lê die kwel punt: die begrip van vryheid van keuse. Die individu word nou ingelig dat persoonlike vryheid en keuse opgegee moet word tot oënskynlike voordeel vir die massa. Die "elite" bestaande uit regeerders en "gesondheidskundiges" sal besluit wat jy moet glo en hoe jy moet leef wat betref die Covid-situasie. Outokrate het nou outoriteit oor jou liggaam en lewe met verdrukkende mandate.

Hoe het (sogenaamde) demokrasie tot hierdie punt gekom? Voortvloeiend uit die postmodernisme is die filosofie dat die mens die finale arbiter van waarheid is – met die onvermydelike gevolg dat subjektivisme hoogty vier.

Sonder 'n Bybelse/Goddelike norm het ons slegs ons individuele voorkeure om ons te lei. Wie se voorkeure sal ons lei? Ons sien dikwels in die geskiedenis dat die antwoord hierop 'n vorm van statisme is, waar daar volgens die voorkeure van die minderheid, wette vir die meerderheid gemaak word.

Verskeie kerke in Amerika het reeds ingekoop in die beginsel van vaksien-mandate as voorwaarde vir "in-persoon" byeenkomste. Om hierdie addisionele nuwe "sakrament van vaksinering" as 'n vereiste vir lidmaatskap of bywoning van eredienste in te stel, is nie net 'n oorskryding van outoriteit nie, maar daardeur word 'n nuwe gebod geskep wat nie in God se Woord gevind word nie. Hierdeur word die kerklike regering vervorm na 'n aardse demokrasie waar die leiding deur individuele voorkeure en nie deur God se Woord gerig word nie.

Aardse regerings en die sekulêre samelewing se vertroue was nog nooit op God gerig nie - daarom die vreesagtige rondtasting na sekerheid in onseker tye en die instel van verdrukkende maatreëls en riglyne wat teer op die vrees van die bevolking.

Ons weet dat ons God in beheer is en dat ons nie in vrees hoef te leef nie. Ons weet ook dat ons liggame aan geen keiser of menslike instelling behoort nie, maar aan die Here.

Ons staan eerstens as burgers van die Koninkryk onder 'n *Christelike teokrasie*, regering deur God - met Christus as enigste hoof van Sy kerk! Ons leef egter steeds in hierdie wêreld en staan gebuk onder hulle reëls en riglyne. Vir ons is dit egter nie 'n geval dat ons magteloos is omdat ons nie 'n meerderheidstem het nie.

Om 'n aanhaling toegeskryf aan Edmund Burke te gebruik: "*Een man met oortuiging, maak 'n meerderheid.*"

En dan kan ons byvoeg: "*Een man saam met God maak 'n absolute meerderheid."*

Dankie aan Jaco de Ridder (jaco@geloofsbond.org.za) wat hierdie Redaksioneel geskryf het. Ampsdraers en lidmate wat graag sou wou help skryf aan artikels of redaksionele stukke kan gerus met dr. Otto skakel.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### LEWENSBROOD BESTELLINGS 2022

Hierdie gaan die tiende uitgawe van Lewensbrood wees en sal weer dieselfde gehalte produk as in die verlede wees. Ons poog om volgende jaar se Lewensbrood vroeër uit te gee (baie mense bestel dit as Kersgeskenke) en daarom moet u teen Sondag u Lewensbrood bestellings by u gemeente kantoor plaas. **Kostes** vir die Lewensbrood beloop **R140-00**. Die gemeente kantore moet asseblief hul bestellings deurgee aan ella@geloofsbond.org.za voor of op **25 Oktober 2021.** Briewe in die verband is aan gemeentes gestuur. U samewerking in hierdie verband word waardeer.

Media komitee

### DIE BONDSVERGADERING

Die Bondsvergadering het te Stilfontein plaasgevind op 12-13 September 2021. Die Bestuur het op sy vergadering van 20 Oktober 2021 die notule goedgekeur. Die voorlopige notule sal eersdaags aan alle gemeentes uitgestuur word vir kommentaar ten opsigte van die korrektheid. Indien geen kommentaar ontvang word nie, sal die notule die finale notule word sonder wysigings.

## UIT DIE BONDSNOTULE

Met dank aan ds. Frans Marais plaas ons die volgende uittreksels vir u kennisname. U kan u plaaslike kerkraad nader vir insae in die volledige notule.

**BONDSDAMES**

Kwilt projek 2021

63 Kwilt lyste is uitgestuur aan 29 kerke/gemeentes, soos per versoek. 8 lyste het tot dusver leeg teruggekom. Tot op datum is bewys van betalings gelewer vir die pragtige bedrag van R17080.

**LEWENSBROOD**:

Teen net R140 bly Lewensbrood ‘n uitstekende bekostigbare Kersgeskenk vir familie, vriende en self. Dagstukkies word deur Bondspredikante geskryf en dek die jaar vanaf 1 Januarie 2022 tot 31 Januarie 2023!

Bestellings moet teen 25 Oktober 2021 geplaas word.

**REGLEMENT VAN ORDE**

Die volgende wysiging aan die Reglement van Orde is van belang vir kerkrade en die wyse waarop beskrywingspunte hanteer sal word:

Alle beskrywingspunte wat ontvang word vanaf Ouderlinge vergaderings, Diakens vergaderings en Kerkraads-vergaderings word deur die kommissie bespreek.

Die kommissie kan 'n beskrywingspunt met kommentaar terugverwys vir heroorweging en kan die finale weergawe met motivering by die agenda toegevoeg of die agendapunt kan deur die voorstellers onttrek word.

**BARMHARTIGHEID**

- Ondersoek na moontlike **bejaardesorg** in die Bond.

Gemeentes word versoek om inligting rakende bekostigbare versorging van bejaardes aan ds. Johan van Wyk te stuur met die oog op die samestelling van ‘n databasis van geskikte ouetehuise sowel as versorgingsoorde vir ons lidmate.

- **Volkshulp** 2000

Verder versoek Volkshulp 2000 gemeentes en lidmate om indien moontlik die organisasie behulpsaam te wees deur skenkings van klere, linne, boeke, kos, kontantbydraes e.a. Vir verdere inligting kan Corrie du Plessis gekontak word bestuur@volkshulp.org.za

**KATEGESE MATERIAAL**

Gemeente Koster is besig om nuwe kategese materiaal saam te stel. Gemeentes word versoek om insette rakende kategese aan Gemeente Koster deur te stuur.

**HOFDATUM**

17 – 28 Januarie 2022

**MEDIA KOMITEE**

**Vonkpos** (epos)

Gemeentes wat nog nie van die geleentheid gebruik gemaak het nie word weereens aangemoedig om by die media-komitee aansoek te doen vir gratis domein-gekoppelde epos adresse in die amptelike domein.

**POPIA WETGEWING**

Die volgende besluit is aanvaar:

POPIA-vrywaring vir gemeente-kontakinligting

Toestemming word verleen aan die GHG media-komitee om kontakinligting van predikante, gemeentes en funksionarisse te stoor, publiseer en gebruik vir interne kommunikasie.

In die notule van die Bondsvergadering wat eersdaags beskikbaar sal wees, sal gemeentes ook die nodige riglyne vind om aan die POPIA wetgewing te voldoen.

## TEOLOGIESE OPLEIDING

Tydens die bestuursvergadering het teologiese opleiding ter sprake gekom. Daar is besluit om die Akademiese komitee apart van die Kuratorium te laat funksioneer, met die Bondsvergadering as die instansie waaraan die komitee verslag moet doen. Daar word beoog om die formele aspekte van die opleiding van predikante teen einde 2022 in kanne en kruike te hê. 'n Verdere jaar word dan toegelaat vir die uitwerk van die inhoudelike. Gemeentes moet van die volgende kennis neem:

- Die Kuratorium het reeds baie werk gedoen ten opsigte van ondersoeke na die inhoud van die opleiding, die aard van die opleiding en instansies wat genader kan word. Alvorens u enige beskrywingspunte vir die Bondsvergadering oorweeg, ver-gewis u eers van die besluite en aanbevelings reeds deur die vorige vergaderings hanteer en goedgekeur.
- Voornemende teologie studente kan nou met vrymoedigheid met 'n BA begin, met vakke Grieks, Hebreeus, Latyn en Filosofie. Die volledige lys van vereistes is by die Kuratorium verkrygbaar.

- Studente word aangemoedig om gelyklopend ander kwalifikasies te verwerf, vakleerlingskappe te voltooi of ander bronne van inkomste te ondersoek; aangesien dit lyk asof volsorg standplase se dae getel kan wees.
- Voornemende studente word versoek om met die Kuratorium te skakel.
- Enige persone wat insette kan lewer ten opsigte van opleiding moet met die Akademiese komitee skakel.
- Gemeentes en ouers word in kennis gestel dat die tweede deel van die opleiding gereed sal wees teen die tyd wat die eerste graad voltooi is.

## DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergawe boeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorie boeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

## 2022 BEPLANNING

Neem asseblief kennis van die volgende datums ten opsigte van die GHG se aktiwiteite:

1 Januarie 2022 - Nuwejaarsdag
12 Januarie 2022 – Skole open
17 - 28 Januarie 2022 – Hofsaak (eiendomme)
4 Februarie 2022 - GHG Bestuursvergadering
27 Februarie 2022 - 1ste Lydensondag
6 Maart 2022 - 2de Lydensondag
13 Maart 2022 - 3de Lydensondag
17 Maart 2022 – Skole sluit
20 Maart 2022 - 4de Lydensondag
27 Maart 2022 - 5de Lydensondag
3 April 2022 - 6de Lydensondag
5 April 2022 – Skole open
5-7 April 2022 - GHG Predikanteberaad
6 April 2022 - Van Riebeeck-Gelofte
10 April 2022 - 7de Lydensondag
15 April 2022 - Goeie Vrydag
17 April 2022 - Opstanding Sondag
18 April 2022 - Paasmaandag
27 April 2022 - Vryheidsdag
1 Mei 2022 - Werkersdag
2 Mei 2022 - Publieke Vakansiedag
15 Mei 2022 - Biddag vir gesaaides/Dankdag vir die oes
26 Mei 2022 – Hemelvaartdag

5 Junie 2022 – Pinkstersondag
10 Junie 2022 – Laaste dag vir indiening van Lewensbrood-dagstukkies
10 Junie 2022 - Laaste dag vir indien van verslae en beskrywingspunte vir Bondsvergadering
16 Junie 2022 - Konsentrasiekamp-dag
17 Junie 2022 – Skool vakansiedag
17 Junie 2022 – GHG Bestuursvergadering
24 Junie 2022 - Skole sluit
19 Julie 2022 – Skole open
31 Julie 2022 – GHG Bybel vasvra finale rondte
8 Augustus 2022 - Skool vakansiedag
9 Augustus 2022 - Vrouedag
24 Augustus 2022 – Bartholomeusnag
10 September 2022 – Verkorte GHG Bondsvergadering (Pretoria)
24 September 2022 – Braaidag
30 September 2022 – Skole sluit
11 Oktober 2022 – Skole open
14 Oktober 2022 - GHG Bestuursvergadering
23 Oktober 2022 - Biddag vir gesaaides/Dankdag vir die oes
24 Oktober 2022 - Laaste dag vir 2023 Lewensbrood-bestellings
30 Oktober 2022 - Hervormingsondag
27 November 2022 – 1e Adventsondag
4 Desember 2022 – 2de Adventsondag
11 Desember 2022 – 3de Adventsondag
12 Desember 2022 – Paardekraal-verbond
14 Desember 2022 – Skole sluit
16 Desember 2022 - Geloftedag
18 Desember 2022 – 4de Adventsondag
25 Desember 2022 – Kersdag (Spesiale kollekte: Vryburger-kinderfonds)
26 Desember 2022 – Welwillendheidsdag